Dear friends and family

A very special thanks to Johan and Leonette Rossouw from Gravesend, England, for the amazing donation which made it possible for us to buy a Zambian registered vehicle for the base. This is going to make life for us just so much easier. Last year Johan and Leonette decided that they would have their birthday parties at the same time and with the help of their two sons, Hanro and Leo, catered family alone for the 160-guests. When sending out the invitations everyone was made aware that all proceeds will go towards a vehicle for the Kanjanji Orphan Project. It is not always possible to thank everyone donating towards Kanjanji, through the newsletter, but this was an extraordinary sacrifice from these two special friends. Thank you so much!

The water level of the Zambezi has already started going down and after yet another disappointing rainy season the few local people who were so lucky to have some sort of a maize harvest, have brought in the harvest now but it would not be nearly enough to fill the tummies for a whole year.

We are looking forward to yet another consignment of goods from South Africa sponsored by the Rotary Club. Amongst other things there will also be two plastic agricultural tunnels which will enable us to have more control over all the pests and plagues in our vegetable garden. The aim is also to have enough vegetables to provide for the orphans and widows in the area.

Mupende, a young school boy from across the river has a remarkable story. It was brought to our attention that this boy puts in an extraordinary amount of effort to attend the ICT lessons at our base on Saturday mornings. He would cross the river in his dugout canoe with the ever present danger of angry hippos. He would then walk the 6km distance to the base for an hour long ICT lesson, just to tackle the return trip home again. How do you like that for sheer determination?

OM Zambia
Kanjanji Orphan Project
His heart, His hands, His little children

Like us on Facebook

**No. 107 – June 2016**



*Thank you Johan and Leonette for the Prado for the base!*


*Enock is becoming a health inspector!!*

Liewe vriende en familie,

Laat my eerstens toe om spesiaal vir Johan en Leonette Rossouw van Gravesend, Engeland te bedank vir die reuse skenking aan die basis wat dit vir ons moontlik gemaak het om ’n Zambies-geregistreerde voertuig aan te koop wat die lewe vir ons baie makliker gaan maak. Johan en Leonette het verlede jaar 'n reuse partytjie vir hul verjaarsdae gereël en met behulp van hul twee seuns, Hanro en Leo, die 160-mense gesin-alleen onthaal. Die gaste is vooraf in kennis gestel dat die opbrengs van die onthaal spesifiek aangewend sal word vir ’n voertuig vir die Kanjanji Orphan Project. Dis nie altyd moontlik om vir elkeen se donasie dankie te sê deur die nuusbrief nie, maar hierdie was regtig 'n uitsonderlike persoonlike opoffering wat julle gemaak het! Baie dankie, julle!!

Die rivier se vlak het al klaar begin sak en die paar mensies wat wel bietjie mielies kon oes, het dit nou van die landerye af, maar ons is bevrees dat dit nie die mae sal vul tot die volgende jaar nie!

Ons sien uit na 'n nuwe besending goedere vanaf Suid Afrika, geborg deur Rotary, wat onder andere 2-plastiektonnels insluit. Dit sal dit dan vir ons moontlik maak om groente te kweek met meer beheer oor peste en plae. William, een van ons weeskinders wat nou ’n gekwalifiseerde onderwyser is, is nou voltyds besig met die groentetuine, tot tyd-en-wyl hy ’n onderwysaanstelling kry. Ons poog om nie net in die basis se groentebehoeftes te voorsien nie maar ook vir die weduwees en wese in die omgewing.

Julle moet Mupende, ’n jong seun van oorkant die rivier, se verhaal hoor! Ons het bewus geraak van die weeskind wat groot moeite doen om rekenaaronderrig te kom bywoon. Hy kruis die rivier met ’n kanoe elke Saterdag met die alomteenwoordige gevaar van moeilike seekoeie en hy kan jou ’n paar vreesaanjaende stories vertel. Dan stap hy sowat 6-km vir ’n uur-lange rekenaaronderrig om dan maar net weer die terugtog aan te pak. Dit getuig van wilskrag en deursettingsvermoë!

In a previous newsletter we told you how the local primary school came first amongst twenty six other schools in last year's ICT-exam because we have ICT lessons on Saturdays for the grade 8's and 9's. Now Mupende was determined enough to do ICT that he got a transfer letter from his local school from across the river, so that he could enrol at our local school for ICT. After hearing his story we decided to accommodate him at the base just to make life easier for him and to realise his dream.

Enock, one of our orphans, who are qualifying as a health inspector (B.Sc Evironmental Health) in September this year, is now doing his last three months of practical here in Sesheke. He is also doing his final essay at the local clinic on the effectiveness of local clinics concerning the delivery of babies.

**Prayer requests:**

- We thank God for everyone praying for us
- Please pray for wisdom concerning the orphans and everything involved
- Please pray for good health – Lourie has developed a serious allergy to dairy
- Thanks to everyone still believing in the project

Please follow us on Facebook or visit our web site: www.kanjanji.com

Love and blessings from the heart of Africa.

**Lourie & Gisela Ferreira**
www.kanjanji.com
P.O.Box 5,Sesheke,Zambia
Tel: +260 997 867125
E-mail: Lourie.ferreira@om.org
gisela.ferreira007@yahoo.com



*Four of the nine Kanjanji-preschool kids in St Joseph preschool.*




*Mupende, an orphan who lives with us now.*

Ons het julle vertel dat ons plaaslike skooltjie die beste gevaar het tussen 26 ander skole omdat ons vir die graad 8+9's rekenaaronderrig (ICT) aanbied. Mupende was bereid om elke week hierdie tog aan te pak om by die plaaslike skooltjie te kom inskryf sodat hy ook volgende jaar ICT kon skryf. Ons het daarom besluit om hom eerder by ons te laat inwoon want hy is 'n skrander kind en ons is opgewonde oor sy toekoms.

Enock, een van ons weeskinders wat hierdie jaar in September kwalifiseer as 'n gesondheidsinspekteur (B.Sc Environmental Health), is tans besig im sy laaste drie maande prakties hier in Sesheke te doen. Hy doen ook sy finale skripsie by ons plaaslike kliniek wat handel oor die effektiwiteit van die plaaslike klinieke t.o.v. bevallings.

**Gebedsversoeke:**

- Baie dankie aan almal wat ons in hul gebede onthou
- Bid asb.saam vir wysheid met weeskinders en alles wat daarmee gepaard gaan.
- Bid asb. vir ons en die kinders se gesondheid -Lourie het 'n ernstige suiwel allergie ontwikkel.
- Baie dankie aan julle wat nog altyd glo aan die projek.

Volg ons asb op Facebook of besoek ons opgedateerde webwerf www.kanjanji.com

Liefde en seën uit die hart van Afrika.

**Lourie & Gisela Ferreira**
www.kanjanji.com
P.O.Box 5,Sesheke,Zambia
Tel: +260 977 867125
Epos: Lourie.ferreira@om.org
gisela.ferreira007@yahoo.com